GEHEIM

GEHEIM

133

MEMORANDUM

Telefoon: 28-1731
Bylyn : 404
Navrae : Brig D.S. Hammar

Kopien° van

DBB(SK)/311/10/1/2

Mei 1984

Van: Dir BB

Aan: HSI

H Dir MI

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2014-02-24
J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1

SKAKELING MET LONRHO

1. Dr De Villiers en Dir BB het op 4 Mei 1984 weer gesprek gevoer op dr De Villiers se versoek.

2. Hy het Dir BB meegedeel dat Tiny en Kaunda weer ontmoet het in Lusaka op Dinsdagaand 1 Mei en die volgende is aan Tiny gesê:

a. Dat daar geen terugtrekking van die Kubane in Angola sal wees voor Okt/Nov 1984 nie. Hulle wil geen voordeel aan Reagan gee in sy ver= kiesingsveldtog in die VSA nie. Enige optrede wat Reagan kan bevoordeel sal hulle vermy. Dat hulle hoop Reagan word nie verkies nie, is duidelik.

b. Pres Kaunda het ook opgemerk dat pres Machel via homself genader moet word om in die onderhandelings met Angola ingespan te word. Pres Kaunda sal dan vir Machel steun maar neutraal voorkom in die proses. Pres Machel is positief mbt N'Komati soos tydens Arusha-vergadering bewys en sal, indien hy by Angola onderhandelings betrek word vir sy standpunt moet veg, dws vrede met die RSA.

c. Tydens Arusha-vergadering het pres Machel vir 21/2 ure sy optrede met N'Komati-ooreenkoms gestel. Na sy toespraak het Kaunda glo opgestaan en gesê dit was nie nodig vir Machel om sy optrede te motiveer nie en voortgegaan om te sê dat in die sestiger jare 'n Brit gepraat het van die "winds of change" in Afrika. Hierdie winde waai steeds, maar nou in 'n teenoorgestelde rigting.

3. Volgens De Villiers glo hy en Tiny dat Kaunda bogenoemde stellings aan Tiny maak met die bedoeling dat hy dit moet oordra aan die RSA via AMI, hoewel hy dit nie spesifiek noem nie.

4. Tiny het ook 'n afspraak vir De Villiers gereël om met David Kimshy te praat. De Villiers weet dat Kimshy dit kan reël om "Red Eyes" te bekom. Indien die RSA belangstel om "Red Eyes" te koop vir Spyker kan tydens hulle ontmoeting die onderwerp opgehaal word. Dir BB om De Villiers voor Vrydag 11 Mei te sê.

5. Weer eens mbt die vraag van Minister R.F. Botha aan Veloso van Mosambiek dat die RSA olie via Mosambiek bekom, is dit genoem dat Veloso nie die saak direk met die RSA kan opneem nie, maar via 'n middelman dit tog wil doen. Om hierdie rede is Tiny (LONRHO) genader en is Tiny gereed om dit te doen. Tiny en Veloso het reeds met

2/.....

GEHEIM

GEHEIM

Kuweit onderhandel om ru-olie te bekom vir deurgee aan die RSA teen heersende mark= pryse. 'n Twee tot drie jaar kontrak kan beding word. Mosambiek sal persentasie van wins neem, maar prys aan RSA sal steeds onder markprys wees. Dr De Villiers wil met mnr Sarel du Plessis praat, maar omdat hy eersdaags met mnr Louw Alberts opgevolg gaan word is hy bevrees dat weens die omstandighede (opvolging) hy nie gou 'n antwoord of standpunt sal kry nie. Hy sou graag 'n onderhoud met Minister Pietie du Plessis wil hê, maar laasgenoemde ken hom nie en sy voorstel sal moontlik nie die nodige vertroue inboesem nie aangesien hierdie here hom en sy betrokkenheid nie ken nie. Tiny vertrek op Woensdag 9 Mei na Abu Dhabi en wil voor dit weet of die RSA belangstel. De Villiers versoek dat Minister Pietie du Plessis versoek word deur AMI om hom 'n onderhoud toe te staan aangesien AMI De Villiers ken en die Minister moontlik agtergrond kan gee. De Villiers wys ook daarop dat na sy kontak met genl Van den Bergh (NI) wat sleg geëindig het, Tiny en hyself hulle slegs tot AMI gerig het omdat die verhouding so positief verloop. Hy het nie kontakte verder in die RSA opgebou nie en sy kontak met B/Sake, mnr Killan, ook laag vervaag, vandaar sy probleem noudat hy ook met ander departemente moet praat.

6. Die aanbod om rekenaars en ander goedere via Mosambiek te bekom, is weer opge= haal en soos De Villiers dit stel, 'n anti-sanksie verhouding wat met Mosambiek uitgebou kan word.

7. Tydens De Villiers se onlangse besoek aan Mosambiek was dit meer duidelik dat Mosambiek 'n kritiese tydperk beleef. Chimoio het geen brandstof nie en mag slegs tot 'n radius van 50 km buite Chimoio beweeg word sonder eskort. Beira dieselfde situasie, geen brandstof en sekerheid slegs tot 40 km buite die stad, Villa Coulos (?) dieselfde, Maputo min brandstof en beweging tot slegs 20 km buite die stad. In Chockwe gebied is die sekerheidsituasie baie sleg. De Villiers wys daarop dat RENAMO steeds sterk optree en dat die RSA iets sal moet doen. Ons gaan nou vir 'n "over kill" soos hy dit stel en voel ons moet van die RENAMOs as huursoldate huur om vir Savimbi te veg. Dit is deur Dir BB aan hom utigewys as onprakties, hulle weier om met ons iets te doen te hê omdat ons hulle "verkoop" het en in elk geval sal duisende betrek moet word om enigsins 'n invloed in Mosambiek se situasie te hê. Dit kan miljoene beloop.

8. De Villiers het daarop gewys dat ons soos 'n besigheid die kanse wat hulle nou in Mosambiek voordoen, moet benut. 'n Belegging nou kan op finansiële en politieke gebied van onskatbare waarde in die toekoms wees. Wat sou die RSA doen indien Mosambiek olie kry? Die kanse is baie goed en studies van formasies is positief. In hierdie opsig wil hy met prof Harmse van Departement Landbou en mnr Frans Scheepers van Departement Handel praat. Ook hier sal hy graag HSI se invloed wil hê om toegang te reël. Olie-sessies kan nou in Mosambiek bekom word en die RSA kan deel daarin hê via LONRHO.

9. Dan het De Villiers ook versoek dat hy voorgelig kan word oor UNITA op 7, 9 of 10 Mei sodat hy weer vir Tiny op hoogte kan bring wanneer hy Vrydag 11 Mei weer na Londen reis.

10. Die verkope van die "Sunday Observer" is ook deur Dir BB genoem. Hierop sê De Villiers dat die "Sunday Observer" al etlike aanvalle op mev Thatcher gedoen het. Tiny self is 'n groot ondersteuner van mev Thatcher en het al etlike botsings met Donald Telford, die redakteur, gehad en die Zimbabwe insident het hom die geleentheid gebied om aan mev Thatcher sy lojaliteit te toon en terselfdertyd sy finansiële belange in Zimbabwe te beskerm.

DIREKTEUR BUITELANDSE BETREKKINGE: BRIG

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2014-02-24
J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1